# Boer of "Afrikaner" (of dalk Brit)

Ek nou 'n video gesien op Facebook waar daar weereens gepraat word oor die onderwerp Boer of "Afrikaner".

Hoekom het die woord "Afrikaner" of die "Kaapse Afrikaners" 'n vloekwoord geword?

Hoewel ek saam stem dat daar nie "Afrikaner" oorloë was nie, eerder Boer oorloë (hou ook in gedagte dat die Boer geen oorlog begin het nie, hulle het slegs defensief opgetree in volksbelang en behoud) moet ons ook besef dat die voorouers van die Groot trek wat later as die Boer bekend gestaan het, uit die Kaap getrek het.

Waar kom die woord "Afrikaner" vandaan?

Die woord "Afrikaner" kom van die berugte Boesman: Jager Afrikaner wat 'n wettelose bendeleier (*outlaw*) in die Oranjerivier omgewing (Transgariep) was en sy seun Jan Jonker (1820-1889). Hulle was deel van die vroeë Oorlam Boesman (seker waar die woord "oorlams" vandaan kom).



[Oorlam people - Wikipedia]

Die Boer se unieke taal word wel verkeerdelik Afrikaans genoem, in plaas van Boers net soos 'n Fransman Frans, 'n Duitser Duits, 'n Chinees Chinees praat ens.

Maak dit die Voortrekkers "Afrikaners" voor hulle die Boervolk geword het?

Daar bestaan nie iets soos 'n "Afrikanervolk" nie, slegs iemand wat Afrikaans praat wat niks met sy ras te doen het nie. Daar was nog nooit in die geskiedenis aan 'n erkende volk, hierdie benaming toegeken nie.

Daar moet besef word, daar is twee verskillende Blanke Afrikaanssprekende groeperings in Suid-Afrika. Sommige blankes groepeer en assosieer met die Boer en ander sien hulself as "Afrikaners". Dan kry jy diegene wat hulself "Boere-Afrikaners" probeer noem. Geskiedenis bewys dat slegs die Boer as 'n volk tydens 2 internasionale geleenthede erken is. Nog voor die blanke Brit se volksmoord op die Boer; die anneksasie van sy grond vir die minerale en die oorlog vergrype op die Boervolk. Daar moet ook in gedagte gehou word dat 50 000+ Afrikaanssprekende blankes vanuit die Kaap die blanke Britte in hul oorlog teen die Boere 9wat natuurlik net blank kan wees) bygestaan het. Terselfdertyd het daar ook 'n menigte van die einste Afrikaanssprekende blanke Kapenaars en Nataliërs (Russe en ander blanke rasse ook) hulself weer as Rebelle by die Boer gevoeg het teen die blanke Brit. Hierdie daad van die Kaapse en Natalse Rebelle is deur die Britte as Hoogverraad gesien en indien so 'n Rebel gevang sou word, was hy sonder verhoor op die plek voor die vuurpeleton dood geskiet terwyl die Boere van die Republieke as gevangenisse weggevoer is. Die Rebelle het dus veel meer op prys gestel as die Boere van die Transvaal en Oranje Vrystaat.

2 Groeperings het dus al daardie tyd ontstaan, die een blanke groepering teen die ander Boer groepering. Die oorlog en die onreg wat daar teenoor die een groep deur die ander groep gepleeg is, het net die gaping tussen die blanke groeperings vergroot en onversoenbaar gemaak.

Daar moet egter ook onthou word dat net soos daar blankes vanuit die Kaap was wat teen die Boere oorlog gemaak het en nou gemaklik as "Afrikaners" of as "Kaapse Afrikaners" gebrandmerk word, was daar ook 'n magdom BOERE van die 2 Republieke wat ook aan die Brit se kant gestaan het: Verraaiers, Hands-

oppers en Joiners! Wat maak dit van hulle? Boere of “Afrikaners”? Die “Afrikaner” het vandag vir sommige Boere ‘n vloekwoord geword, gekoppel aan diegene vanuit die Kaap wat teen die Boer gaan veg het terwyl daar van hul eie Boer volksgenote was wat hul ook egter met die mes in die rug gesteek het.

Die woord “Afrikanervolk” is egter geskep deur diegene wat die oorlog teen die Boer van die begin af beplan, geloods en gevoer het. Gesamentlik het hul “Afrikanernasionalisme” ook geskep.

“Afrikanernasionalisme” is deur die blanke vyand van die Boer gebruik om dit wat aan die Boer behoort en wat hom ‘n unieke volk maak, van die Boer te steel en dit die “Afrikanervolk” (die blanke wat dit wil wees maar nie kan wees nie) sin te probeer noem. Hulle het ook toegesien dat hulle hul gedurig inmeng met die Boer se sake sodat die Boer tot vandag toe nog nooit die geleentheid gegun is sedert die oorlog, om weer op die been te kom nie. Dit is ongelukkig die feite vanuit die blanke in SA se geskiedenis. Die Boer sal hom nooit kan versoen met sy blanke vyand vir dit wat hy hom aangedoen het nie, selfs al was dit sy broer wat ‘n Verraaier en Joiner was.

Die situasie wat die blanke in SA hom tans mee bevind is dat hierdie kennis bekend raak. Net soos ten tye van die Britse oorlog teen die Boer, is daar blankes wat hul by die Boer se saak voeg en ander weer nie. Dit is wel ‘n feit dat daar “Afrikaners” is wat nog nie die verskil ken/besef nie en tog meer Boer in hul hart is as ander blankes wat hulself Boer noem. Dan is daar ook Engelssprekende Boere wat ook meer Boer is as ander blankes wat hulself Boer noem. Jy kan nie van iemand, iemand maak wat hy nie kan wees nie. Hy is of ‘n Boer, of hy is die blanke wat die Boer se vyand is. Eenmaal ‘n verraaier, altyd ‘n verraaier.

Die blanke in SA staar egter vandag ‘n gevaar in die gesig wat nie blank is nie, maar wat wel oor al die jare deur die blanke haarfyn beplan, georkestreer en toegelaat word. Die vyand kom steeds vanuit die blanke ras en was nog altyd teen die Boer; vir wie en wat hy is en wat hy glo, in Wie hy glo; dít wat hom Boer maak! Elke blanke in SA weet in sy hart of hy Boer is en of hy die Boer se vyand is. Die verskille tussen ‘n Boer en sy blanke vyand kan nie oorkom word nie, maar die verskille tussen die Boer wat weet hy is ‘n Boer en die Boer wat nog altyd mislei is en gedink het hy is ‘n “Afrikaner”, wat nog nie die verskil ken nie, moet oorkom word en die ooreenkomste tussen hulle moet beklemtoon word ten einde eensgesindheid te bevorder vir die oorlewing en voortbestaan van die Boervolk. Ja, die gevaar van die voortbestaan van die blanke in Afrika staar alle blankes in die gesig. Die realiteit is: jy gaan of as ‘n blanke vyand van die Boer hierdie bedreiging in SA aandurf of jy gaan hom as Boer in die gesig staar? So is daar blanke Duitsers, Engelse, Nederlanders ens. wat, of by die Boer, of as die Boer se vyand gaan staan.

Dus moet die blanke wat hom vereenselwig met die Boer, hul onderlinge verskille oorkom. Daar moet nie deur die Boer daarop gefokus word wie is “Afrikaner” en dat die “Afrikaner” die Boer se vyand is nie. Nee, die Boer se grootste vyand IS BLANK en hy het die woord “Afrikaner” geskep om die Boer te verdeel! Getalle het nie by die Boere van Bloedrivier saak gemaak nie. Wat wel vir hulle saak gemaak het is dat hulle NIE kwaad vir mekaar gaan slaap het nie; dat hul ‘n eenheid vorm ten spyte van hul verskille en dat hul op hul Hemelse Vader vertrou het, nie op die vleeslike arm nie! Daarvoor gee die Boer Hom vandag nog al die Eer.

Dus moet die opskrif van my boodskap, en die video wat ek gekyk het dalk eerder lees: Boer of blanke vyand van die Boer! Vergeet van die verdeeldheid-woord “Afrikaner”, die vyand sit dalk weer in “Boer-geledere”. **Soek na dit wat jou Boer maak, konsentreer daarop deur te bou aan jou volk** en vergeet van die res.